

Vrydag 1 November

Skrifgedeelte: Hebreërs 1:1-14

Fokusgedeelte: Hebreërs 1:1-4

Jesus Christus moet alleen as verheerlikte Seun van God gedien word

Alhoewel ons nie regtig weet wie die skrywer van hierdie brief is nie, is dit baie duidelik uit die inhoud hiervan dat dit gerig is aan gelowiges wat uit die Jodendom tot bekering gekom het. Die brief het baie sterk elemente van vermaning en veral ten opsigte van die evangelie van Christus se verlossingswerk en sy heerlikheid wat uit sy dood en sterwe voortvloei.

Die gelowiges, en veral Joods-Christene, het dit erg gehad met vervolging en druk van hulle Joodse genote, en hierdie brief dien as 'n vermaning tot standvastigheid te midde van moeilike omstandighede.

Om hierdie rede begin die skrywer inleidend te praat van die heerlikheid van Christus. Hy word beskryf as ons Middelaar en die bewerker van die reiniging van ons sondes. Hy word as gevolg van sy liefdesdaad teenoor ons verhoog sodat Hy aan die regterhand van God gaan sit het.

Verse 1-4 verduidelik aan ons dat die openbaring wat God in die Ou Testament gebring het, maar tydelik en gedeeltelik van aard was. Dit het op verskillende maniere gebeur deur vermanings, dreigings, drome en gesigte. Dit het deur die profete na mense toe gekom. Dit was egter nie die volle lig nie.

Met die koms van Christus het dit verander. Hy het die volle openbaring gebring van die heerlikheid van God. Die volle lig van die evangelie skyn nou. Daarom geen profete meer nie. Dit is genoegsaam vir ons saligheid. Hy het die reiniging van ons sondes bewerk deurdat Hy Homself in ons plek geoffer het. Alles en almal is as gevolg hiervan aan die mag van God in Christus onderwerp. Hy regeer.

Die doel van hierdie gesprek en woorde is sodat die lesers van hierdie brief tot die besef kan kom dat Hy, Christus, alleen gedien kan word. Hy is ver bokant die engele en sy woorde is geloofwaardig. Ook vir my en jou moet ons besef dat Hy in beheer is, Hy regeer. Deur sy dood en opstanding het Hy alles moontlik gemaak. Dien Hom alleen as Seun van God, omdat Hy waardig is om gedien te word.

Sing: Skrifberyming 5-3:1

Ds. N Boy (Neville) (Thabazimbi)